KLASKAMERPRAKTYK

# DIE KOERANT AS NUTTIGE GESKIEDENISONDERRIGMEDIUM IN 'N NUWE KURRIKULUM*

*Dr. E.S. van Eeden*
*Departement Geskiedenis*
*Potchefstroom Universiteit vir C.H.O.*

## 1. INLEIDING

Dit kom voor asof die gebruikswaarde van die koerant as onderrigmedium die afgelope drie dekades gewilder geword het. Sprekend hiervan in die verskeidenheid van publikasies wat veral in die buiteland oor die onderwerp verskyn het, en waarin etlike dissiplines die waarde van koerantonderrig vir hulle wetenskap beklemtoon. Dit geld ook vir Geskiedenis, alhoewel dit in hierdie geval minder prominent uitgespel word.

## 2. DOELWITTE

In hierdie voordrag sal die waarde van die koerant, ten opsigte van die volgende fasette, verhelder word:

* Die gebruik van die koerant as onderrigmedium - 'n historiese oorsig
* Waarde van die koerante
* Die koerant in 'n nuwe kurrikulum - 'n beredenering
* Nuttigheidswenke

## 3. HISTORIESE OORSIG

Koerante as onderrigmedium in skole oral oor die wêreld is nie vreemd nie. In Amerika is dit egter veral prominent vanweë die werksaamhede van die *American Newspaper Publishers Association Foundation* (ANPA). ANPA het in die laat-sestigerjare 'n program bekend as *Newspaper in Education* (NIE)** begin, en daarin geslaag om 'n nasionale sisteem van samewerking tussen skooldisktrikte en hul plaaslike koerante te verkry. Danksy die gewildheid van die NIE-program het dit in die sewentigerjare in onder meer Frankryk, Engeland, Swede, Spanje, Duitsland, Luxemburg, Holland en Suid-Afrika inslag gevind.

In Suid-Afrika het **The Star** die NIE-program sedert 1979 bemark. Onderrighulp was egter hoofsaaklik op skole gerig. Met behulp van prikkelende programme in kaartvorm, die bespreking van 'n tema op 'n weeklikse basis en die hou van werksessies, het **The Star** 'n waardevolle hulp aan onderwysers verskaf.

Ongelukkig het **The Star**, hoofsaaklik vanweë finansiële redes, sy rol in die onderrigproses na 1985 geleidelik verskraal. Daarmee saam lyk dit asof die belangstelling in onderwysgeledere ten opsigte van die koerant as onderrigmedium gekwyn het, of andersinds beperk is.

As gevolg van bovermelde toedrag, gestimuleer deur die feit dat etlike voorstelle rakende 'n nuwe kurrikulum vir Geskiedenis al in die afgelope jare gemaak is, is dit nodig om opnuut na die koerant as onderrigmedium te kyk.

* Oorspronklik as referaat gelewer op die Vierde Tweejaarlikse Konferensie van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Geskiedenisonderrig, Universiteit van Vista, Pretoria, 28-29 September 1992.

** Die NIE-program het blykbaar aanvanklik as die Newspaper in the Classroom (NIC)-program bekend gestaan.

## 4. WAARDE VAN KOERANT

Koerantgebruik as opvoedingsmateriaal in die onderrigproses is voordelig en waardevol en daar word veral na drie fasette gekyk:

4.1 Algemene waarde, 4.2 Opvoedkundige waarde en 4.3 Die waarde van koerante vir die onderrig van Geskiedenis.

### 4.1 ALGEMEEN

Benewens uitsprake soos dat die koerant die beste aanvullende opvoedingsmateriaal is wat onderwysers kan gebruik, dit goedkoop is en gewoonlik maklik bekombaar is, is koerante ook:

#### 4.1.1 AKTUEEL

Koerante is gerig op die sake van die dag.

#### 4.1.2 REALISTIES

Koerantinhoude is gerig op die waarneembare werklikheid.

#### 4.1.3 PRIKKELEND

Sake van die dag word aangebied sodat dit die belangstelling van die leser wek.

#### 4.1.4 UNIVERSEEL

'n Koerant is, vanweë die wye verskeidenheid berigte en artikels, allesomvattend en dra as sodanig 'n universele karakter.

#### 4.1.5 GEBALANSEERD

Koerantinhoude is gewoonlik gevarieerd en in ewewig. 'n Eenogigheid in nasionale en plaaslike koerante word selde aangetref - wel dalk eensydige berigte en standpunte. Die evaluering van sodanige berigte kan in die onderrigsituasie van groot waarde wees.

### 4.2 OPVOEDKUNDIGE WAARDE

Die nut van die koerant as onderrigmedium in die opvoedingsproses het besliste voordele. Dit bevorder onder meer die geletterdheid en akademiese vermoëns van die leerling/student ten opsigte van sy/haar:

4.2.1 Kennisvlak

4.2.2 Vaardigheidsverwerwing in die wydste sin van die woord, soos byvoorbeeld om koerantinhoude te vergelyk, saam te voeg, te analiseer, te beredeneer en empaties daarmee om te gaan.

4.2.3 Nuttig vir alle kurrikula. Daar is feitlik geen vakterrein wat daarop aanspraak kan maak dat daar nie soms nuus, of aktiwiteite gerig op haar/sy vakterrein, in 'n koerant voorkom nie. Koerante is nuttig vir onder meer die ontwikkeling van lees-, skryf, luister- en praatvermoëns. Inligting in koerante vervat, kan ook aangewend word in die vorm van kaarte en grafieke of as aanvullende inligting gerig op sillabusinhoude.

### 4.3 WAARDE VAN KOERANTE VIR GESKIEDENIS

Sekerlik een van die waardevolste funksies van die koerant as onderrigmedium in die Geskiedenisklas is dat dit die gaping tussen die hede en die verlede vernou. Hierdie "oorbrugging" sal alleenlik sinvol wees as dit op 'n gereelde basis in die klassituasie aandag kry. 'n Verdere vereiste is dat dit met oorleg, en by wyse van 'n keurige seleksie, as verteenwoordigend van alle afdelings van die sillabusinhoud moet harmonieer.

Indien die Geskiedenisonderwyser daarop ingestel is om inderdaad die "kloof te oorbrug", sal daar meer van die doelstellings, so keurig gestel in geskiedenissillabusse, verwesenlik kan word as wat dit tans die geval mag wees. Dit is die doelstellings gerig op kennisverwerwing, intellektuele ontwikkeling, vaardigheidsverwerwing en gesindheidsvorming. Ten opsigte van feitlik elk hiervan is voorbeelde in koerante te vind.

Vakinhoud, gekoppel aan die leerling se verwysingsraamwerk (met behulp van die koerant) sowel as sy/haar kennis van bepaalde aspekte uit die verlede (soos uit die sillabus geleer) sal die leerling met 'n verwaarloosde aspek van die vak vertroud maak.

## 5. DIE KOERANT IN 'N NUWE KURRIKULUM

### 5.1 SILLABUSINHOUDE

Dit is algemeen bekend dat Geskiedenis-

sillabusse omvangryk en gedetailleerd is. Gevolglik laat onderwysers hul te geredelik wend tot inhoudgerigte feite-onderrig. In die proses word heelwat van die doelstellings afgeskeep, en kom die vormende waarde van die vak nie tot sy reg nie.

Die reeds vermelde kurrikulumvoorstelle wat gedurende die afgelope jare die lig gesien het, en daarop gerig is om sillabusse sinvol aan te pas, is verblydend. 'n Afdeling wat egter steeds in alle voorstelle verwaarloos voorkom, en waarin die koerant 'n vername rol kan vervul, is die afdeling plaaslike [en eietydse] Geskiedenis. In dié verband dien die st. agt-sillabus as voorbeeld:

## 5.2 SILLABUSINHOUD ST. AGT

**VOORBEELD ST.8 TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT**
**GESKIEDENIS HOëR GRAAD**

ALGEMENE GESKIEDENIS

| | | | |
|---|---|---|---|
| A. | 1985-sillabus | B. | 'n Nuwe sillabus<br>Temas: (geneem uit konsep-voorstelle) |
| 1. | Die ontwikkeling van nasionalisme, liberalisme en sosialisme in Europa 1789 tot 1850 | 1. | Rewolusie, industrialisasie en kolonisasie |
| 1.1 | Die politieke rewolusie: Liberalisme + nasionalisme<br>* Rewolusie<br>* Napoleon Bonaparte<br>* Reaksie | 1.1 | Rewolusionêre veranderinge, 1775-1865<br>* VSA en Frankryk |

| | | | |
|---|---|---|---|
| A. | 1985-sillabus | B. | 'n Nuwe sillabus |
| 1.2 | Die ekonomiese omwenteling: Die ontwikkeling van industrialisering en kapitalisme 1789 tot 1850<br>* Industrialisering in Brittanje en Europa<br>* Ekonomiese en maatskaplike gevolge<br>* Politieke gevolge | 1.2 | Verstedeliking en industrialisasie in die 19e en 20ste eeu<br>* Industrialisering in Brittanje en die Derde Wêreld (Brasilië) |
| | | 1.3 | Afrika se inheemse state en kulture voor die 19e eeu (verpligtend)<br>* Vernaamste karakteristieke: polities, kuns, godsdiens, ens.<br>* Studie van een kultuur uit Westelike Afrika en een uit Suidelike Afrika |

**VOORBEELD ST.8 TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT**
**GESKIEDENIS HOëR GRAAD**

**SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS**

| A. 1985-sillabus | B. 'n Nuwe sillabus<br>Temas: (geneem uit konsep-voorstelle) |
|---|---|
| 2. Die hervorming van die Suid-Afrikaanse samelewing 1820 tot 1884<br>2.1 Britse Imperiale inmenging en die reaksie daarop<br>* Groot Trek<br>* Transoranje<br>* Diamantgeskil<br>* Carnavon se federasiebeleid en anneksasie van die ZAR | 2. Migrasie en vestigingspatrone tot die 19e eeu<br>2.1 Migrasie en vestigingspatrone in Suid-Afrika voor die 19e eeu<br>* Argeologiese bewyse<br>* Khoikhoi en San<br>* Swart volkere<br>* Blanke kolonisasie en uitbreiding<br>* Slawe, slawerny<br>* Veeboere, trekboere |

| A. 1985-sillabus | B. 'n Nuwe sillabus |
|---|---|
| 2.2 Die geskiedenis van 'n gemeenskap suid van die Limpopo (1859-1900)<br>* Duitse immigrante of<br>* Lewe op Oos-Transvaalse goudvelde of<br>* Onderwysgeskiedenis van Transvaal | 2.2 State en republieke in S.A. in die 19e eeu (verpligtend)<br>* Ingryping van die Britse Ryk (polities, kultureel Sosio-ekonomies) in die Kaap en Natal<br>* Die Zoeloe-ryk en die Mfecane/difaqane<br>* Die Groot Trek en die Boererepublieke<br><br>2.3 Plaaslike geskiedenis met klem op voorbeelde wat 1.1 en 1.2 illustreer<br>* o.a. Natal as voorbeeld: geboue, plekke, ruïnes, monumente<br>*of eerder* |

## VOORSTEL
## DIE KOERANT IN 'N NUWE KURRIKULUM

St. 8 (voorbeeld)

2.3 Plaaslike (of streeks) en eietydse geskiedenis van Suid-Afrika met klem op voorbeelde uit die algemene (afd. 1.1 tot 1.3) en Suid-Afrikaanse geskiedenis (afd. 2.1 tot 2.2)

2.3.1 Plaaslike [toeligting m.b.v. plaaslike/nasionale koerante asook bestaande dokumentasie en bakens]

* Vestigingspatrone (Swart/Blank/Bruin/Indiër)
* Ekonomiese en kulturele ontwikkeling (alle bevolkingsgroepe oorsigtelik of een bevolkingsgroep in besonder)

2.3.2 Eietyds [Toeligting uit nasionale en selfs plaaslike koerante]

* Politieke spektrum
* Verstedeliking
* Plaaslike bestuur
* Industrialisasie
* Tegnologiese ontwikkeling
* Sosio-maatskaplike tendense
* Kulturele tendense [kuns en vermaak]
* Variasie op die tema (bv. sport, vername persoonlikhede ens.)

BOVERMELDE TEMAS KAN VERDER VERFYN EN UITGEBOU WORD. MEDIA SOOS *TYDSKRIFTE EN DIE TELEVISIE IS OOK NUTTIG*

Die doel met die nuwe voorgestelde sillabus (kyk afdeling 2.3 van sillabusvoorstel) is nie om die onderwyser met meer inhoud te konfronteer nie. Wel is die voorstelle, as noodsaaklike komponent van Geskiedenis, daarop gerig om die onderwyser meer doelgerig by die gebruik van sodanige inhoud in harmonie met die sillabustemas te betrek, en die onderwyser aan te moedig om die vakdoelstellings van Geskiedenis effektief toe te pas. Hierdie temas sou selfs met behulp van die televisie en weeklikse tydskrifte behandel kon word. *Dit is egter belangrik dat die koerantinhoud en temakeuse, soos byvoorbeeld voorgestel in afd. 2.3, met een of meer temas van die sillabusinhoud moet korreleer.* Sodoende sal die sinvolheid van die inhoude meer blywend wees as net kennisverwerwing terwille van kennisverwerwing.

### 5.3 HAALBAARHEID VAN SILLABUSAANPASSING

Vier tegniese aspekte wat moontlik probleme mag skep in die verwesenliking van die voorgestelde kurrikulumaanpassing is:

5.3.1 Sal dergelike tema opsioneel of verpligtend moet wees?

5.3.2 Wat sal die periodetoedeling hiervan wees?

5.3.3 Is spesiale opleiding/kursusse nodig om onderwysers kundiger, meer vertroud en meer verantwoordelik ten opsigte van so 'n afdeling te maak?

5.3.4 Moet leerlinge met betrekking tot afdeling 2.3 getoets word?

Dit is ongetwyfeld seker dat 'n variasie van voorstelle in hierdie verband gemaak sal kan word, maar daarop word nie ingegaan nie. Die probleme is nie onoorkomelik nie, en kan met konsensus en verfyning wel uitgeskakel word.

## 6. NUTTIGHEIDSWENKE

Enkele algemene wenke om die koerant doelgerig tot voordeel van sillabusinhoud te gebruik, is die volgende:

### 6.1 SAKE-VAN-DIE-DAG-HOEKIE

'n Sake-van-die-dag-hoekie of nuusbord, wat bepaalde nuusgebeure van die dag/week weerspieël, is aan die meeste onderwysers bekend. 'n Gebrek aan doelgerigte opdragte, gekoppel aan sillabusinhoud, is die vernaamste rede waarom "nuushoekies" nie altyd effektief is nie.

**Nuttigheidswenke*

Klasgroepies moet om die beurt vir die aanbring van die weeklikse nuus, gerig op 'n bepaalde tema in die sillabus, verantwoordelik wees. Die res van die klas moet sorg dat hulle deur die loop van die week die sake-van-die-dag te lees kry. Vervolgens kan die onderwyser die kennis van die leerlinge toets deur byvoorbeeld

i) die hou van 'n vasvra in groepverband;

ii) die toetsing van vaardigheidsvermoëns deur leerlinge die inhoud te laat analiseer of te vergelyk met 'n soortgelyke tema uit die sillabus.

### 6.2 SPOTPRENTINTERPRETASIE EN STROKIESPRENTE


Alhoewel die ontleding van spotprente in Geskiedenis ook nie vreemd is nie, is onderwysers selde daarop gerig om die van dag-tot-dag-spotprente of strokies in die klassituasie te benut.

**Nuttigheidswenke*

Interpreteer spotprente en strokies ten opsigte van die verwantskap tussen karakters; tot wie/wat hulle aangetrokke is; of die inligting vervat 'n gegewe feit is of meningvormend is en of daar ooreenkomste tussen die inhoud van die spotprent en 'n bepaalde tema volgens die sillabusinhoud bestaan.

### 6.3 FEITESELEKSIE (met behulp van koerant)

Die skema kan op 'n sinvolle wyse binne die raamwerk van 'n wye verskeidenheid van temas benut word.





**Nutigheidswenke*

i) Interpreteer die inhoud van een berig volgens bovermelde skema. Tref 'n vergelyking van dieselfde inhoud verkry uit verskillende koerante.

ii) Identifiseer 'n tema in die sillabusinhoud wat ooreenkomste met die inhoud van die berig toon, en in welke mate die verloop van elk verskil.

6.3.1 Plaaslik gerigte koeranttemas kan ook nuttig wees (Kyk onderstaande voorbeeld)




*Nuttigheidswenke (na aanleiding van voorbeeld):

Leerlinge moet:

(i) Die toepaslike inligting rakende die plaaslike gemeenskap met behulp van die koerant ondersoek

(ii) Die skakeling, indien enige, tussen die onderskeie terreine uitwys en

(iii) Die verskille en ooreenkomste identifiseer van die gemeenskap waarinhy/sy tans woon met die van 'n bepaalde gemeenskap waarmee hy/sy in die sillabus vertroud geraak

het.

6.4 VARIA
6.4.1 Tydsperspektief

Die verwerwing van 'n tydsperspektief is ook 'n verwaarloosde vaardigheidskomponent. 'n Wye verskeidenheid en moontlikhede van gebruik, met behulp van die koerant, is moontlik. Ek volstaan egter met een voorbeeld.

*Nuttigheidswenk*
Versoek die leerlinge om persoonlikhede, groepe, hoofberigopskrifte of spotprentinhoud, wat u aan hulle verskaf het, aan 'n bepaalde gebeure en jaar te koppel.

6.4.2 Liggingsperspektief

Die verwerwing van 'n liggingsperspektief is, soos tyd, baie belangrik in Geskiedenis. Dikwels word lande of dorpe ook in die klas as deel van 'n tema behandel. Om die leerling perspektief te gee op die gebied wat behandel word, kan die volgende toegepas word.

*Nuttigheidswenk*
Knip berigte uit 'n koerant wat die bepaalde deel van die sillabusinhoud verteenwoordig met betrekking tot die verwysing na 'n land sowel as enkele stede en dorpe. Verskaf 'n blanko kaart waarop die leerlinge die plekke, soos berig in die bepaalde koerant, op die kaart moet aandui. Hierdie wenk is ook nuttig ten opsigte van 'n liggingsoriëntering van die plaaslike en nasionale Geskiedenis. 'n Dorps-, streeks- of landkaart word dan net gebruik.

## 7. SLOTGEDAGTE

Navorsing in Amerika het getoon dat die gebruik van die koerant in skole 'n besliste bydrae lewer tot die kennisverryking van die leerling en dat dit die leerling se houding teenoor die gemeenskap positief beïnvloed. Verder het toetsresultate/eksamenresultate verbeter, aangesien die leerlinge van die vaardighede wat hulle in die proses verwerf het, voordelig benut het. Die kommunikasieverbintenis tussen onderwyser en leerlinge het ook verbeter.

Ek glo dat die gebruik van die koerant, veral met die doel om eietydse geskiedenis 'n plek in die kurrikulum te gee, vir die leerling die gaping tussen verlede en hede sal vernou en aan Geskiedenisonderrig meer sin gee. Dit is noodsaaklik dat diegene gemoeid met voorstelle, gerig op 'n nuwe Geskiedeniskurrikulum vir Suid-Afrika, opnuut oor die rol en plek van eietydse geskiedenis in kurrikulumverband sal besin. Die gebruik van die koerant as noodsaaklike onderrigmedium, sal ook aandag en verfyning moet ontvang. Ondertussen moet onderwysers nie die eietydse aspek verwaarloos nie, maar eerder met konkrete opdragte aan leerlinge, en voorstelle rakende die verfyning van dergelyke inhoud, die onontbeerlike faset van eietydse geskiedenis (met behulp van die koerant as onderrigmedium) aanmoedig. Moontlik sal Geskiedenis sy etiket as synde 'n "dooie vak" te wees, afskud.

## BIBLIOGRAFIE

BARTHOLOMEW. G.: "Use the news", Teacher, 90, May 1973.

BECKER, S. and KENDALL, S.: "Using the Weekly Newspaper in Education", Milwaukee Journal, 1982.

BERRYMAN, C.: "100 ideas for using the newspaper in courses in Social Science and History". Social Education, 37, 1973.

CHEYNEY, A.B. and SPIONO, W.D.: "Hurray for the 20c toss-away text", Instructor, 82, October 1977.

CHEYNEY, A.B.: "Teaching reading skills throught he newspaper". IRA Service Bulletin, Delaware, IRA Publishers, 1984.

COLE, H.: Teachers guide to newspapers in education. 9ED207065 C 5 206 577 RIHS).

DE BEER, A.S.: "Newspapers in education - a look at the future" in S. Janse van Rensburg (red.). Die koerant as onderrigmedium. Publikasiereeks, Buro vir Voortgesette Onderwys (RAU). 6. Pretoria, ts

Butterworth, 1983.

GITELMAN, H.F.: "Newspaper power", Reading Teacher, 36, April 1983.

HINES, J.D.: "Fun learning with the newspaper" in J. Douglas, How you can help your child learn parent power. New York, Enterprise, 1977.

HUNTER, T.N.: "Use newspapers, magazines to excite, stimulate thoughts", Instructor, 83, March 1974.

LANDERS, M.P.: "Using the media to develop critical reading skills at senior primary and junior high school levels", in S. Janse van Rensburg (red.), Die koerant as onderrigmedium, Publikasiereeks, Buro vir Voortgesette Onderwys (RAU), 6, Pretoria, Butterworth, 1983.

POTTER, R.L.: "The newspaper-TV connection: a way to teach skills, Teacher, 95, Dec. 1977.

WALKER, B.: "Use the news", Journal of Reading, 30(7), April 1987.

---